



MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 13/2023
7 September 2023

☎ 012 661 2341
✉ college@midstreamcollege.co.za

SKOOLSAKE

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Success is not final, failure is not fatal: It is the courage to continue that counts.

Winston Churchill

Ek wil graag hulde bring aan elke ouer, onderwyser en leerder wat vaseby en deurgedruk het gedurende die uitsonderlike besige maand. Ek wil om verskoning vra vir die revue wat vroeër die week, weens omstandighede buite ons beheer, eers in die klein ure van die nag tuis was. Ek kan julle almal die versekering gee dat ons intensief na die College se jaarprogram kyk en dat daar vir seker wysigings aangebring sal word om soortgelyke gebeurtenisse te voorkom.

Baie geluk aan ons revue wat tweede by die SA Champs sowel as die Lefra Revuekompetisie geëindig het. Jul harde werk deur die jaar is beslis beloon. 'n Spesiale woord van dank aan al die leerders, onderwysers en ouers wat deel van hierdie epiese reis was.

A bend in the road is not the end of the road... unless you fail to make the turn.

Helen Keller

Baie sterkte aan die gr. 10's en onderwysers betrokke by Odyssey IX wat vanoggend reeds na Haenertsburg vertrek het. Dankie ook aan elke ouer en leerder wat ons kampe onvoorwaardelik ondersteun. Baie sterkte aan die gr.8's, 9's en 11's wat volgende week op hul onderskeie kampe vertrek. 'n Vriendelike herinnering dat daar normale skool na die kampe sal wees. Maak seker julle byt vas tot om die draai, die vakansie lê en wag.

'n Woord van dank aan die 99% ouers en leerders wat ons akademiese program heelhartig steun. Ons bly primêr 'n akademiese instelling en ek verwys julle graag na ons akademiese beleid op die College se webtuiste. Kontak asseblief ons akademiese hoof, mnr Swart, vroegtydig indien u oor geskeduleerde toetse of eksamens twyfel.

Indien 'n leerder byvoorbeeld 'n IEB-eindeksamen vraestel misloop, selfs as gevolg van siekte, kan hulle eers oor ses maande oorskryf. Dieselfde reëling geld by tersiêre instellings waar afwesigheid van 'n assesseringsgeleentheid sonder 'n doktersertifikaat ernstige gevolge het. Ons probeer so buigsam as moontlik wees, maar om van onderwysers te verwag om addisionele vraestelle op te stel vir leerders wat lukraak toetse en eksamens misloop is, onbillik.

Met die lente in die lug hoop ek om baie van julle Saterdag by die SpringFest te sien.

AKADEMIE

ASSA SUID-AFRIKAANSE WISKUNDESPANKOMPETISIE

Die volgende leerders is gekies om Gauteng-Noord te verteenwoordig: MH Sahib (graad 8), Ivan Kotzee (graad 9), Dylan Rodi (graad 10), Shayur Vather (graad 10), Jean Blignaut (graad 12) en Abram Rautenbach (graad 12). Spanne van regoor Suider-Afrika neem op 9 September aan dié kompetisie deel.

LAASTE WEEK VAN DIE KWARTAAL

Leerders skryf in die laaste week van hierdie kwartaal, nadat hulle van die graadkampe en die Odyssey teruggekeer het, geskeduleerde kwartaaltoetse. Neem asseblief kennis dat leerders nie vir verlengde vakansiedoeleindes van hierdie toetse verskoon kan word nie.

KULTUUR

REVUE

Ons revuegroep het hierdie jaar behoorlik 'n storm ontketen met hulle produksie getiteld, *Rain*. Binne 4 dae en twee baie laat nagte het hulle dié revuejaar op 'n hoogtepunt afgesluit deur 'n 2^{de} plek in beide die SA Champs Revue-kompetisie en in die Lefra Revue-kompetisie los te dans. Laasgenoemde kompetisie sal later die jaar tydens die realiteitsprogram *Revue!* op Via (Kanaal 147) uitgesaai word.

DRAMA

Ons toneelgroep, *Sinne.loos* het die volgende toekennings tydens die streeksuitdunne van die ATKV-Tienertoneel verwerf:

Naam	Kategorie	Toekenning
Beligtingspan	Beligting	Brons
Klankspan	Klank	Silwer
Anika Malan	Spel	Silwer
Lené Liebenberg, Carlo Loubser en Lin-Mari Rudolph	Spel	Brons

ERKENNING VAN NIE-SKOOLKULTUUR

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolkultuuraktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van kultuur, dr Steyn de Bod (sdebod@midstreamcollege.co.za) te stuur.

ENSEMBLE

Anika Malan het as lid van die Gauteng Music Inisiatief Ensemble aan 'n nasionale kompetisie deelgeneem en 'n algehele 3^{de} plek verower.

KLASSIEKE KITAAR

Joshua Cachia het Saterdag aan Artisticulta by Midstream Ridge deelgeneem en het 'n A en A+ vir sy optrede ontvang.

SPORT

LANDLOOP

Die meisies en seuns het verlede Saterdag aan die Noordvaal Skole finaal by die Universiteit van Noordwes deelgeneem. Ons is baie trots op al die atlete se harde werk en deursettingsvermoë gedurende die seisoen.

Hier onder volg die uitslae van die spankompetiese:

Afdeling	Seuns	Meisies
Juniors	9 ^{de}	15 ^{de}
Seniors	8 ^{ste}	8 ^{ste}
Algeheel	9 ^{de}	11 ^{de}

Die volgende atlete het onder die top-20 van die onderskeie kategorieë geëindig:

Afdeling	Atleet	Plek
Junior Meisies	Carmia van den Berg	15 ^{de}
Junior Seuns	Rupert Groenewald	9 ^{de}
Senior Seuns	Xavier van der Leek	12 ^{de}

BERGFIETS

Die top-20-bergfietsuitslae van die resies by PBHS is as volg:

Afdeling	Ruiter	Plek
Sub-junior Meisies	Nika Nortjé	1 ^{ste}
	Kathleen de Kock	8 ^{ste}
Jeug 16 Meisies	Sarah Heher	2 ^{de}
Junior 18/19 Meisies	Lucy Carroll	3 ^{de}
Sub-junior Seuns	Rupert Groenewald	7 ^{de}
	Wiehan Visser	9 ^{de}
Jeug 15 Seuns	Michael Gray	16 ^{de}
Jeug 17 Seuns	Sebastian Bruyns	10 ^{de}
	Robért Ford	14 ^{de}
Junior 18/19 Seuns	Pieter van Eeden	10 ^{de}

KRIEKET

Opponent	Uitslae	Kommentaar
1 ^{ste}		
Zwartkop	Midstream 214/9 Zwartkop 180/10 Wen met 34 lopies	Maarten Nortjé 43 Jordan le Roux 43 Jean Holtzhausen 4/24 in 8 beurte
2 ^{de}		
Menlopark 3	Midstream 287/8 Menlo 288/6 Verloor met 4 paaltjies	Jonathan Wiseman 74 Marco Smith 41 Christian Olwagen 2/37 in 7.4 beurte

Montana 2	Midstream 229/10 Montana 225/10 Wen met 5 lopies	Christian Olwagen 55 Dian de Villiers 42 Jonathan Wiseman 4/33 in 10 beurte
3^{de}		
Garsfontein 4	Midstream 79/10 Garsfontein 80/3 Verloor met 7 paaltjies	
Menlopark 4	Menlopark 241/3 Midstream 111/10 Verloor met 130 lopies	Grant Muller 2/10 in 3 beurte
o. 15A		
Oos-Moot	Midstream 440/5 Oos-Moot 115/10 Wen met 325 lopies	Gerhard van der Westhuizen 177 Rikus Cilliers 73 n.u.n. & 2/7 in 2 beurte Maarten Nortjé 72 & 2/21 in 6 beurte Christian Olwagen 2/18 in 6 beurte
Zwartkop	Midstream 296/6 Zwartkop 229/10 Wen met 67 lopies	Rikus Cilliers 112 & 3/39 in 6 beurte Maarten Nortjé 77 Christian Olwagen 3/30 in 6 beurte Wian de Bruin 2/22 in 5 beurte
o. 15B		
Zwartkop	Zwartkop 179/6 Midstream 132/7 Verloor met 48 lopies	Liam van Rooyen 2/35 in 4 beurte Darius Oberholzer 3/32 in 4 beurte Francois Senekal 66
CBC Mount Edmund	Midstream 152/6 CBC 153/4 Verloor met 6 paaltjies	Christoff van den Berg 76
o. 14A		
Zwartkop	Midstream 188/10 Zwartkop 163/10 Wen met 25 lopies	A.J. Annandale 61 Dylan Coleridge 54 Ruben Howatt 5/17 in 10 beurte Johann Boshoff 4/45 in 10 beurte
o. 14B		
Waterkloof C	Waterkloof 167/8 Midstream 97/10 Verloor met 70 lopies	O'neile Nyoni 3/26 in 4 beurte Zac Lentoor 19
Oos-Moot	Oos-Moot 141/7 Midstream 126/10 Verloor met 15 lopies	Moyahabo Machaba 31 Stefan Jute 4/16 in 4 beurte

SAGTEBAL

Onlangse uitslae is soos volg:

Span	Crawford	Sutherland	Akasia	Eldoraigne	Overkruin
o. 14A	14 – 7	19 – 1	10 – 5		
o. 14B				15 – 7	10 – 15
o. 14C				12 – 14	

Span	Crawford	Sutherland	Akasia	Eldoraigne	Overkruin
o. 14D					4 – 14
o. 15A	Kry punte	14 – 4	11 – 4		
o. 15B				7 – 6	4 – 10
o. 16A	8 – 1	10 – 5	8 – 3		
o. 16B					3 – 12
o. 19A	Kry punte	9 – 1	2 – 8		
o. 19B				15 – 13	9 – 14
o. 19C					9 – 19

Die o. 14A-, o. 15A- en o. 16A-spanne is onoorwonne en het hul ligas gewen. Hulle kwalifiseer vir die uitspele volgende kwartaal.

GHOLF

Tydens die vierde rondte ligawedstryde het die 1^{ste} span tweede geëindig. Hulle het 48 IPS-punte behaal. Midstream (2) wen Elodraigne (2) 49 – 46.

SEWESRUGBY

Spelers het reeds twee toernooie gespeel.

Wilgers o. 15-toernooi		Sutherland o. 15-toernooi	
Opponent	Uitslag	Opponent	Uitslag
Nylstroom	Wen 22 – 12	Sutherland	Wen 29 – 12
Florida	Wen 20 – 5	Wilgers	Wen 17 – 14
Pretoria-Noord	Wen 29 – 14	Barbarians	Wen 34 – 0
Hoogenhout	Verloor 15 – 19 (Semifinaal)	Pretoria-Noord	Wen 21 – 12 (Kwarteindronde)
		Centurion	Verloor 12 - 31 (Semifinaal)
		Menlopark	Verloor 10 – 24 (3 ^{de} / 4 ^{de} plek)

ERKENNING VAN NIE-SKOOLSPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolsportaktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van sport, mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za), te stuur.

SKAAK

Luke Reyneke en Arun Gounder het aan die Etienne Lewis Individual Closed Championship deelgeneem. Beide het 4.5 van hul 7 wedstryde gewen.

ALGEMEEN

SPRINGFEST



Spring Fest
@ MIDSTREAM COLLEGE
OPEN AIR FESTIVAL

09 September

EXPERIENCE THE THRILL OF
NEVER-BEFORE-SEEN RIDES AT SPRINGFEST!



howler™
Tickets available on howler.co.za

Brought to you by **OUT** SURANCE

KOM ONS KOMMUNIKEER:

Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

VOLGENDE OMSENBRIEF

Donderdag 21 September 2023